Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

31 Oktober 2025 Uitgawe: 3/4/2025

## UIT DIE KANTOOR

Na 'n besige week van prysuitdelings, glo ek almal sien uit na die naweek wat voorlê.

Baie geluk aan elke ouer met u kind se prestasies. Dit was vir ons lekker om erkenning te kon gee aan ons leerders op die onderskeie prysuitdelings vir pligsgetroue en harde werk deur die jaar. Ons is baie trots op elke prestasie wat gelewer is, en ek glo dat dit hul verder sal motiveer om net nog beter te doen in 2026.

Die komende week is die laaste hupstoot voor die eksamen begin. Leerders in Gr. 4-7 het reeds hul eksamenwerk ontvang. Maak asb. seker dat u kind dit ontvang het sodat hul betyds kan voorberei vir die komende eksamen.

**Einde van die jaar reëlings:**

- 31 Oktober - Tjokkies Blitsgala by UV asook o/13A Krieket-aandliga (WP)
- Volgende week vind die laaste krieketwedstryde van die jaar plaas.

  Buitemuurs stop amptelik Donderdag, 6 November. Daar sal geen verdere krieketligawedstryde in die week wat die eksamen begin plaasvind nie. Hierdie wedstryde is gekanselleer.
- Op Saterdag, 8 November vind Jim Fouché se atletiekbyeenkoms by die stadion plaas. Atlete is reeds ingeskryf. Indien u nog enige inligting rakende die byeenkoms verlang, kontak asb. vir mnr. Simon Nieuwoudt.
- Die GSF Entrepreneursdag vind op Vrydag, 7 November plaas. Sommige van ons musiekleerders neem ook vir oulaas deel aan 'n uitreikaksie by die "Trans 50 Aftree-oord".
- **Op 10 November vind die baie belangrike begrotingsvergadering in die skoolsaal plaas.** Die eerste 180 ouers wat die vergadering bywoon se kind/ers sal 'n "voucher" van McDonalds ontvang. Indien ons nie 'n kworum van 10% ouers op die vergadering gaan hê nie, sal daar 'n tweede begrotingsvergadering op Maandag, 24 November in die skool se personeelkamer plaasvind.
- Op 11 November begin die eindeksamen vir die Gr. 4-7-leerders.
- Die kleuterskoolkonsert vind vanjaar op 12 en 13 November plaas. Dit beloof om weereens 'n groot hoogtepunt te wees.

# ANDER

**Personeel:**

Juf. Geraldine Finlay sal vanaf Maandag, 3 November met kraamverlof wees. Ons wens haar en haar man alle sterkte toe met die bevalling.

**Hoofleiers 2026:**

Baie geluk aan ons nuwe hoofleiers:


**Hoofdogter:** Olivia Grobler

**O/hoofdogter:** Lia Janse van Rensburg

**Hoofseun:** Wian Pieters

**O/hoofseun:** CP Wolhuter

# VERJAARSDAE



3 Nov.: Juf. Elzanne Stadler (Gr. 4)

# VAN DIE MAMMAS WAT BID

"Ek leef net uit God se hand. Tot Hom bid ek. Die Here sal my uit hierdie probleem red. Enige tyd van die dag of nag kan ek met Hom praat." Psalm 55:17-18

Wat 'n groot voorreg om te weet dat God altyd daar is. Jy kan met Hom gesels dag of nag, enige tyd en Hy is altyd beskikbaar! Laat ons vandag God se Naam groot maak en rustig wees in die wete dat God altyd beskikbaar is.

My Vader God, dankie dat U altyd beskikbaar is vir my! Dankie dat ek dag en nag met U kan gesels! Vandag wil ek U loof daarvoor. Amen




OFFERS VALID FROM MONDAY 20/10/2025 UNTIL SUNDAY 09/11/2025. PRICES APPLY TO CHECKERS BETHLEHEM, DE AAR, DIAMOND PAVILION, FLAMWOOD, GOLDFIELDS, HARRISMITH, HARTSWATER, KALAHARI MALL, KATHU, KROONSTAD, KURUMAN, KURUMAN SQUARE, LANGENHOVENPARK, LICHTENBURG, LICHTENBURG DADA CENTRE, MAHIKENG MALL, MATLOSANA, MIMOSA MALL, MODDER RIVER JUNCTION, NEW PARK, PARYS, PARYS THE RIVERSHED, POTCHEFSTROOM, PRELLER SQUARE, SAINTS, SASOLBURG, UNIVERSITAS, UPINGTON, VIRGINIA, WELKOM, WILKOPPIES, WOODLAND HILLS & ZEERUST. ALSO AT CHECKERS HYPER FLEURDAL AND KLERKSDORP. NOT ALL PRODUCTS WILL BE AVAILABLE AT PRELLER SQUARE & UNIVERSITAS. SEAFOOD ONLY AVAILABLE AT STORES WITH SEAFOOD COUNTERS. CERTAIN FOODS COOKED FOR STYLING PURPOSES ONLY. LIQUOR ONLY AVAILABLE AT STORES WITH A VALID LIQUOR LICENCE. ALCOHOL FOR SALE ON SUNDAYS AT SELECTED STORES ONLY. WE RESERVE THE RIGHT TO LIMIT QUANTITIES. NO TRADERS PLEASE. ERRORS & OMISSIONS EXCEPTED (E&OE). SELECTED ITEMS MAY NOT BE AVAILABLE AT CERTAIN STORES WHILE STOCKS LAST. CUSTOMER CARE LINE 0800 01 07 09 (TOLL-FREE). XTRA SAVINGS SUPPORT LINE 0800 33 33 85 (TOLL-FREE).


BOEKSAKKIES TE KOOP VIR 2026
Boeksakkies vir Gr. 4
7 boeksakkies @ R350 of R50 elk
Bestel en betaal kontant by
Juffrou Lianza 0724889802
Beskikbaar vanaf 27 September 2025


BLOEMFONTEIN
MOTORS
Proud Sponsor of :
Tjokkies
School
150 Oliver Tambo Road, Oranjesig, Bloemfontein
www.bloemfonteinmotors.co.za | 051 4477 042


Sterk, stewige seil boeksakkies!!
(Verpligtend vanaf Gr 4)
Kontak Juf. Blanche
per whatsapp by
0725052247
vir bestellings en navrae!
Bestel sommer dadelik!!!
R65 elk
Bestellings
sluit 14 Nov
Koop slegs een keer sakkies in die laerskool, want
hulle hou ....en hou.... en hou..... en hou.....
selfs tot in Matriek!!!
(Verwysings beskikbaar!!)